

Wins en Verlies

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B45a

Skriflesing uit Filippense 3:1-14

Kernvers 7: ‘Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag’.

In hierdie kommersiele wêreld waarin ons leef is dit ’n groot realiteit: wins en verlies!

Van die besigheidsman tot by die huisvrou is dit ’n baie belangrike saak.

Kom ons kyk na die betekenis van wat Paulus hier vir ons wil uitlig:

‘Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade gelei’.

Dan noem hy vir ons die dinge waarop hy sou kon roem, maar wat hy as drek beskou om die uitnemendheid van Christus te bekom.

Ons leef in ’n tyd van drastiese besluite en gebeurtenisse, maar daardie besluite moet begin by die huis van God. Daar is iets wat besig is om te gebeur met die huis van God. Ons moet dus oplet na die roepstem van die Here in elkeen van ons se lewens, sodat ons nie agterbly met dit wat God besig is om te doen nie. Hy is besig om te beweeg- tenspyte van die verwoesting wat die duiwel saai. . . Daar gaan magtige en majestieuse dinge plaasvind waarvan een daarvan gaan wees die Here se liggaam (die opgestane liggaam) van Christus – die Kerk in sy glorie en heerlikheid!

Daar is egter ’n paar beginsels wat ons moet raaksien: hierdie dinge waarvan Paulus praat – hy praat van ‘drek’ van ‘skade ly’, van ‘uitnemendheid’ en van ‘wins’. Kan ons ooit beseef wat gebeur het toe die Liefing van die Hemel afgekom het na die aarde om ons los te koop van die vloek van die sonde! ?

Jesus het dit as wins beskou om deur die mense verwerp te word en as drek beskou te word. . . . sodat ons gered kon word!